

**DRAMATIESE KUNSTE**

Tyd: 3 uur

150 punte

---

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
  2. Die vraestel is in twee afdelings verdeel. Jy moet **ALBEI** afdelings beantwoord:  
  
**AFDELING A: DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS**  
**Vraag 1: *The Caucasian Chalk Circle* – Bertolt Brecht**  
**Vraag 2: Athol Fugard**  
  
**AFDELING B: DRAMATIESE ONTLEDING**  
**Vraag 3: Opstel**
  3. Nommer jou antwoorde **PRESIES** soos die vrae in die vraestel genommer is.
  4. Die puntetoekenning per vraag is 'n riglyn vir die hoeveelheid detail en nougesetheid wat in die antwoord verlang word.
  5. Onafhanklike, kreatiewe denke en die toepassing van kennis sal tot jou voordeel wees.
  6. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en netjies te werk.
-

**AFDELING A DRAMAS EN OPVOERING IN KONTEKS**

**VRAAG 1 THE CAUCASIAN CHALK CIRCLE – BERTOLT BRECHT**

**1.1 SOSIOPOLITIEKE INVLOEDE**


Bestudeer die beelde hieronder en gebruik hulle om jou te help om die vrae wat volg te beantwoord:



[Bron: <<http://static1.businessinsider.com/image/52a1f97c6da811f201a704c6/many-college-professors-started-using-grade-inflation-to-protect-bad-students-from-being-drafted-into-the-vietnam-war.jpg>>]



[Bron (aangepas): <<https://fuhrerious88blog.files.wordpress.com/2015/0/image1046.jpg?w=500>>]



[Bron: <[https://historyofeconomicthought.wikispaces.com/file/view/Class\\_struggle\\_divides\\_by\\_GloomyFaerie.jpg/281937652/214x294/](https://historyofeconomicthought.wikispaces.com/file/view/Class_struggle_divides_by_GloomyFaerie.jpg/281937652/214x294/)>]

- 1.1.1 Identifiseer TWEE sosiopolitieke kwessies wat direk betrekking het op die skryf en inhoud van *The Caucasian Chalk Circle*. (2)
- 1.1.2 Verduidelik kortliks waarom die sosiopolitieke kwessies wat jy in Vraag 1.1.1 geïdentifiseer het die skryf en inhoud van *The Caucasian Chalk Circle* beïnvloed het. (4)

1.1.3 Bespreek hoe hierdie kwessies in *The Caucasian Chalk Circle* ondersoek word.

Verskaf duidelike redes en voorbeelde om jou bespreking te ondersteun. (8)

## 1.2 RELEVANSIE

1.2.1 **"Daar is baie dinge in die wêreld vandag wat weerklank vind by Brecht se sienings en argumente."**

Dr. Laura Bradley

[Bron: <<https://www.unicorntheatre.com/files/2-Unicorn%20Theatre%20THE%20CAUCASIAN%20CHALK%20CIRCLE%20Teacher%20Resource%20pack.pdf>>]

(a) Identifiseer TWEE kwessies in terme van Brecht se sienings en argumente in *The Caucasian Chalk Circle* wat jy meen direk van toepassing is op die wêreld vandag. (2)

(b) Bespreek met duidelike redes en geskikte voorbeelde uit die drama hoe en waarom die kwessies wat jy in (a) hierbo geïdentifiseer het direk van toepassing is op die wêreld vandag. (6)

1.2.2 Bestudeer die beeld hieronder wat gebruik is vir die plakkaatontwerp vir 'n 2015-opvoering van *The Caucasian Chalk Circle*.

Bespreek of jy meen dat die beeld wat gebruik is die verband tussen die drama en ons eietydse wêreld vasgevang het of nie.

Regverdig jou bespreking duidelik en ondersteun dit met geskikte voorbeelde uit die drama. (7)



[Bron: <<https://img.youtube.com/vi/MoSEFUzhVTw/hqdefault.jpg>>]

### 1.3 ENSCENERING

Verbeel jou jy regisseer 'n opvoering van *The Caucasian Chalk Circle* vir 'n eietydse Suid-Afrikaanse gehoor.

Hou Brecht se gebruik van verfremdung/vervreemding in gedagte en verduidelik en regverdig TWEE enseneringskeuses wat jy sal maak om die gehoor met hul eietydse Suid-Afrikaanse werklikheid te verbind.

(8)

### 1.4 INTERPRETASIE EN TEMA

Bestudeer die volgende wat almal die hoofopskrifte is van verskillende kritici se reaksies op die sien van dieselfde opvoering van *The Caucasian Chalk Circle*:

#### OPSKRIF 1

**Brecht se "The Caucasian Chalk Circle" is 'n vermaaklike, ironiese kommentaar op hebsug en korrupsie**

[Bron (aangepas en vertaal): <<http://www.nytheatre-wire.com/lk13054t.htm>>]

#### OPSKRIF 2

**"The Caucasian Chalk Circle" Leer Waardevolle Lesse**

[Bron: <<http://www.nytheatre-wire.com/lk13054t.htm>>]

#### OPSKRIF 3

**Leuenaars, Moordenaars, Verkullers en Selfdienaars met 'n Gelukkige Einde**

[Bron: <<http://www.nytheatre-wire.com/lk13054t.htm>>]

1.4.1 Alhoewel hierdie opskrifte 'n reaksie op dieselfde opvoering is, verskil die kritici oor die kwessies of idees wat hulle meen die kern van *The Caucasian Chalk Circle* vorm.

Verduidelik jou begrip van die redes hiervoor.

(3)

1.4.2 Identifiseer EEN opskrif wat jy meen die kern van *The Caucasian Chalk Circle* vasvang en skryf dit neer.

Bespreek in 'n kort opstel van een bladsy (ongeveer 250 woorde) waarom jy meen dat jou gekose opskrif die kerntemas van die drama die beste weerspieël.

Verskaf spesifieke voorbeelde om jou bespreking te ondersteun.

(15)

[55]

**VRAAG 2 ATHOL FUGARD**

In hierdie vraag moet jy na EEN van die volgende dramas verwys:

- *People are Living There*
- *Hello and Goodbye*
- *The Road to Mecca*
- *Victory*

**2.1 INVLOEDE**

Fugard het die invloed van Albert Camus, die eksistensialistiese filosoof, op sy skryfwerk erken. Hy sê die volgende:

***Die konsep wat dadelik by my opkom is "moedige pessimisme". Die feit dat die toestand uiteindelik pessimisties is – die een waarmee ons as mense te doen het in 'n vyandige wêreld, in 'n vyandige heelal – maar dat ons moed nodig het. Wanneer ons moed het, is daar sekere dinge wat ons kan doen wat ons waardigheid gee.***

[Bron (aangepas en vertaal): <<http://chrisboyd.blogspot.com/2006/02/athol-fugard-on-tsotsi-truth-and.html>>]

2.1.1 Identifiseer TWEE maniere waarop die Fugard-drama wat jy bestudeer het die idee van bestaan in 'n vyandige wêreld weerspieël. (2)

2.1.2 Verduidelik kortliks hoe Fugard die terreine wat jy in Vraag 2.1.1 hierbo geïdentifiseer het, ondersoek in die drama wat jy bestudeer het.

Verskaf EEN geskikte voorbeeld vir ELKE terrein om jou verduideliking te ondersteun. (4)

2.1.3 Beskou die laaste stelling van die aanhaling hierbo:

***Wanneer ons moed het, is daar sekere dinge wat ons kan doen wat ons waardigheid gee.***

(a) Kies 'n karakter uit die Fugard-drama wat jy bestudeer het wat jy meen hierdie stelling die meeste beliggaam en skryf sy/haar naam neer.

Verduidelik waarom hy/sy dit doen. (4)

(b) Verbeel jou jy is 'n akteur wat hierdie karakter vertolk. Kies 'n spesifieke oomblik uit die Fugard-drama wat jy bestudeer het wat jy meen die idee van "moedige pessimisme" wat in die stelling hierbo uitgedruk word, die beste oordra.

Beskryf hierdie oomblik in 'n kort opstel van een bladsy (ongeveer 250 woorde) en verduidelik TWEE maniere waarop jy jou gekose karakter sal vertolk wanneer hierdie uittreksel opgevoer word om die karakter se moed en waardigheid ten spyte van sy/haar pessimistiese omstandighede te beklemtoon. (15)

## 2.2 KARAKTER EN VERTOLKING

Bestudeer die uittreksels hieronder sorgvuldig.

### UITTREKSEL 1 – *Hello and Goodbye*

**HESTER:** It's strange, you know. I can see it – see it happening. All of this. I'll walk out that door, through the streets to the station; sit in the waiting-room. Then the train at ten and all the way back. It's hard. Things are too clear. This, there, Jo'burg tomorrow when I get there. The rooms – the dark rooms, the many faces – and one of them me, Hester Smit. I'm too far away from my life.

### UITTREKSEL 2 – *People are Living There*

**MILLY:** Then somebody's a bloody liar. Because there were promises. The agreement was that it would be worth it. Well, it isn't. I've been cheated. The whole thing was just a trick to get me to go on. Otherwise who would? Who wants to get up tomorrow if this is it? If this is all? Fifty years! That's a lot of patience. Nobody's so well off that fifty years doesn't leave him hard up for what's left. I am. I'm broke. So I want what I'm owed. Pay up or be damned.

### UITTREKSEL 3 – *The Road to Mecca*

**HELEN:** Darkness, Elsa! Darkness! The Darkness that nearly smothered my life in here one night fifteen years ago. The same Darkness that used to come pouring down the chimney and into the room at night when I was a little girl and frighten me. If you still don't know what I'm talking about, blow out the candles! But those were easy Darknesses to deal with. The one I'm talking about is much worse. It's inside me, Elsa ... it's got inside me at last and I can't light candles there.

### UITTREKSEL 4 – *Victory*

**VICKY:** There's no hope for us there, Lionel. When *you* wake up in the morning you look out of your big window you see your flowers and the fruit trees and you feel happy. When we wake up in the morning and look out of our dirty little windows we see hungry dogs and another day with no hope. When we go to sleep at night ... nothing has changed. There's no place for hope in a matchbox, Lionel.

**Skryf die nommer neer van die uittreksel wat verwys na die spesifieke Fugard-drama wat jy bestudeer het en beskou jou uittreksel sorgvuldig.**

2.2.1 Beskryf die konteks (die spesifieke situasie) van jou gekose uittreksel. (4)

2.2.2 Oorweeg die eksistensiële aard van jou gekose uittreksel.

Besprek hoe dit 'n duidelike eksistensiële stemming weerspieël.

Verskaf spesifieke redes en verwys na voorbeelde uit die uittreksel om jou bespreking te ondersteun. (8)

**2.2.3 Verbeel jou jy word gevra om 'n akteur wat jou gekose uittreksel opvoer, te regisseer.**

Verduidelik met goeie redes en voorbeelde wat jy vir die akteur sal sê om met die volgende te help:

- (a) Toegang tot 'n oorkoepelende begrip van die karakter. (4)
  - (b) Strategieë vir die internalisering van die spesifieke emosionele toestand van die karakter in hierdie uittreksel. (6)
  - (c) Stemvertolking (4)
  - (d) Fisieke vertolking (4)
- [55]**

<b>110 punte</b>
------------------

**AFDELING B      DRAMATIESE ONTLEDING****VRAAG 3      OPSTEL**

**Hierdie afdeling ondersoek TWEE van die volgende voorgeskrewe tekste:**

- *The Caucasian Chalk Circle* – Bertolt Brecht

**EN**

**EEN van die Athol Fugard-tekste hieronder:**

- *People are Living There*; OF
- *Hello and Goodbye*; OF
- *The Road to Mecca*; OF
- *Victory*

**Die verhoog laat 'n dramateks toe om te lewe en asem te haal – dit is in die daad van lewe gee aan die teks deur opvoering wat die volle impak van 'n drama gevoel word.**

Bespreek in 'n opstel van 2–3 bladsye (ongeveer 600 woorde) hoe die twee dramas wat jy bestudeer het ten volle verwesenlik word in die opvoering daarvan.

Gebruik die volgende terreine om jou bespreking te rig:

- Dramaturge se bedoelings
- Enscenering
- Toneelspel

Ondersteun jou bespreking volledig met 'n deeglike, toegespitste verduideliking en relevante voorbeelde uit elke drama.

[10 punte: struktuur van opstel + 30 punte: inhoud van opstel]

**40 punte**

**Totaal: 150 punte**